Familienuus 365

20 Augustus 2019

Familienuus 365

VANUIT DIE SINODEHUIS

הִנֵּנִי

My kollegas in ons tuisgemeente het ons in die afgelope weke intens bewus gemaak van die kragtige woorde waarmee die gelowiges in die Bybel dikwels op God se roeping reageer het: *Hi-ne-ni.* "Hier is ek." Moses, Abraham, Jakob en Jesaja is voorbeelde hiervan.

Dit is die gelowige antwoord van doodgewone mense wat beleef dat die Here gepraat het – en daarom 'n antwoord gee wat getuig van oorgawe en die gewilligheid om gebruik te word soos en waar die Here wil.

Tussen finansies en besluite en vergaderings en preke en strategieë moet ons tog onthou om elke dag te begin met "*hier is ek…*"

Francois Retief

GEMEENTES

Burgersfort het vroeër vertel van die ontsaglike stormskade aan hulle kerkgebou. Hulle vertel oor die vooruitsig om die herstelde gebou weer in gebruik te neem – 'n wonderlike verhaal…

Tygerpoort voer hulle "grootste-nog-musiekblyspel" in Augustus op. Gou spring vir kaartjies. 'n Video en verdere inligting hier.

Vir die jonges in ons gemeentes is daar 'n heerlike ekologie-kamp. Hier is ook 'n Video wat meer vertel.

LERAARS

Ons sê graag "*welkom*!" aan **Nico Lochner** as die nuwe leraar van **Amsterdam**..

SINODALE DIENSRAAD

Verlede week se vergadering het plaasgevind in die pragtige omgewing van die Struwig Eko-Reservaat naby Phalaborwa. Die NG Kerk is saam met ander instansies die begunstigdes van ‘n testamentêre bemaking wat hierdie stuk bosveld in die Balule-reservaat vir ons beskikbaar maak. Dis was ‘n reuse voorreg om 2 dae daar deur te bring. Sommige van ons gemeentes het al

mannekampe en huweliksnaweke daar aangebied. Gesels gerus met die kantoor van die Algemene Sinode hieroor. Die reservaat se kontaknommer is 071 907 7960. Loer gerus op www.struwigeko.co.za .

Ons voorsitter, Dirkie van der Spuy, se terugvoer oor die vergadering word ook hier aangeheg.

ALGEMENE SINODE SE SITTING 6 – 11 OKTOBER 2019

Die **Sakelys** van die sitting in Oktober is beskikbaar by http://ngkerk.net/sinode2019/

Ons **afgevaardigdes** na hierdie sitting is by verlede week se Sinodale Diensraad-vergadering gefinaliseer in ooreenstemming met ons werkswyse soos die Familiereëls voorskryf en soos by ons sitting verlede jaar goedgekeur.

Predikante: Jurgens de Jager; Gerrit Vosloo; Casper Booy; Maartje van der Westhuizen; Pieter Dorey; Johan Koen; Fanie Venter; Rika van Vuren; Sebastiaan van Dyk; Tertius Erasmus; Jorrie Potgieter.

Kerkraadslede: Heyns Theron; Dirkie van der Spuy; Marius Janse van Vuren; Cobie Kemp; Jeanette de Jager; Gideon du Plessis; Dawie Klopper; Elize Bezuidenhout; Francois Retief; Donnie van Zyl; Koos Lübcker; Chris van Heerden.

Lourens Bosman van die Algemene Sinode se kantoor het 'n skrywe gestuur vir die aandag van leraars en lidmate. Dit handel oor die belangrike sake waarby die kerk betrokke is asook die toekoms van die NG Kerk. Elkeen se insette is

belangrik met die oog op die sitting van die Algemene Sinode. Help asseblief hiermee.

TOERUSTING

Ons Projekspan wat fokus op **Missionale Kerkwees** kuier op Kruisrivier om te besin oor onder andere die erediens in 'n missionale gemeente. Die datums? 29 – 30 Augustus. Besonderhede hier.

Excelsus gee inligting oor Lentekonferensie 2019 asook die program vir die derde kwartaal…

Roelf Opperman en Fritz Snyman bied op 14 September 'n werkswinkel aan oor die bestuur van konflik.

"Daar is lewe voor en na aftrede" is 'n kursus vir leraars naby aan hierdie mylpaal. Dit vind plaas op 3 – 4 September.

'n Derde weergawe van die **Geloofsreis met Gys** begin eersdaags op inisiatief van Sinode Goudland. Kontak hulle direk in hierdie verband.

Bybel-Media vertel van die September-uitgawe van LiG.

Die Christelike Lektuurfonds vertel van 'n nuwe boekie deur Attie Beetge getiteld "Kom kyk!"

MOSAMBIEK

Daar het 'n wonderlike inisiatief ontstaan om aan die sikloon-geteisterde gemeentes in Mosambiek hulp te verleen. Francois Schoombee van *kerksondermure* vertel hoe ons almal betrokke kan wees. ‘n Mooi pamflet vertel ook meer.

CMR MPUMALANGA

Lees saam aan hulle Augustus nuusbrief.

VERJAARDAG – OOSTELIKE SINODE 40 JAAR

Op 2 November 2019 is ons Sinode 40 jaar oud. Ons gaan hier herinneringe uit die ouer dae opdiep. *Moet nooit die waarde daarvan om julle gemeente se geskiedenis te vertel en weer te waardeer, onderskat nie. Gesels gereeld oor die "groot dinge wat God gedoen het…*"

Noudat die winter aan die verbygaan is, kan ons dit waag om 'n draai by een van ons oudste gemeentes op Ermelo te maak…

VERJAARSDAE – PREDIKANTE

24 Augustus – Chris Zietzman, Tzaneen, czietsman@telkomsa.net
25 Augustus – Ryno Meyer, Pierre van Ryneveld, ryno@pvr.co.za
27 Augustus – Jaco Barnard, Pretoria-Garsfontein, jaco@nggars.org.za
1 September – Gerrie Bodenstein, Skuilkrans, gerrie.bodenstein@gmail.com

VERJAARSDAE – EMERITI

23 Augustus – Louis Swart, Montana Kapelaan Korrektiewe dienste1993, louisenida@yahoo.co.za
25 Augustus – Pieter van Niekerk, Pretoria-Oosterlig 2016, pietervn@iafrica.com
2 September – Hennie Yzelle, 2017 kerksondermure, hennie.yzelle@gmail.com

VERJAARSDAE – GEMEENTE

22 Augustus – Pretoria-Garsfontein, info@nggars.org.za (37)
23 Augustus – Tygerpoort (Pretoria), woord@ngtyger.com (38)
1 September – Krielpark, ngkrielpark@telkomsa.net (44)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za